

## Sing vooraf staande: Psalm 40:6

-6-

Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid. / Bly met u liefde en trou om my,  
want ramp en onheil is naby / en om my heen. En in my hart is stryd.  
Die sonde uit ver verlede / oorval my matte skrede;  
my oog het glans nòg gloed. / Hoe groot 's my sondes al!  
hoe eind'loos in getal! / In my 's geen krag, geen moed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 68:1

-1-

Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd,  
laat wegvlug voor sy oë. / Hoe hoog die mens se trots mag gaan,  
hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn,  
deur stormwind voortgedrewe. / Soos was wat smelt voor hitte en vuur,  
het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met  
Ps. 130:4*

Wet

## Psalm 130:4

-4-

Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;  
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.  
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry  
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 73:6

-6-

Maar nee, al wil my hart ook breek, / my mond mag só oor God nie spreek:  
dan sou 'k verraai wie ek bemin het, / Gods volk met wie 'k die stryd begin het.  
Nogtans het ek weer nagedink, / weer in die raaisel ingesink,  
maar 't was net moeite in my oog, / vir my bevatting gans te hoog.

Skriflesing: 2 Timoteus 4

Teks: 2 Timoteus 4:7

## **Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.**

Die tipe wedstryd waarvan Paulus hier praat, dra sekere kenmerke wat geen mens kan miskyk nie.

Die kenmerke is:

- dat die een wat in hierdie wedloop is, die eer van God aanhoudend moet verkondig;
- maar ook dat die een wat aan hierdie wedloop deelneem aan baie strawwe spanning onderwerp gaan wees; en
- dan is daar die kwessie van volharding.

Paulus was self al baie oud toe hy hierdie brief geskryf het.

- Ons weet dat Paulus twee keer in Rome 'n gevangene was.
- Die eerste keer was toe hy hom op die keiser beroep het en toe deur storms heen na Rome geneem is.

Ons ken almal daardie stukkie van die geskiedenis.

- Die Bybel verhaal dit nie, maar Paulus is toe vrygelaat, en hy het toe nog sendingreise onderneem.
- Ons weet byvoorbeeld dat hy in daardie tyd 'n sendingreis deur Spanje onderneem het.
- Hy is toe weer gevang en is later in Rome dood as 'n baie ou en sieklike man.

In daardie tyd skryf Paulus hierdie brief vir Timoteus. Eintlik skryf God hierdie brief vir ons almal! In hierdie brief kom al die ondervinding en pyn uit wat Paulus in sy lewe ervaar het.

In die stukkie van die brief wat ons gelees het val die klem op vers 3:

### **Verkondig die Woord.**

Maar dit gaan oor **hoe** jy dit doen – en daarom ook oor die styl waarop jy die Woord verkondig.

Vir Timoteus het Paulus geskryf dat die mense nie van sy preke gaan hou nie.

- Daarom die woorde dat hy tydig en ontydig sal moet vermaan.
- Ook die byvoeging dat Timoteus lankmoedig, met ander woorde, geduldig sal moet wees.

Dit gaan baie van hom vat om op die regte manier te kan aanhou glo.

- Hy gaan so beproef word dat dit die uiterste van hom gaan vra, en dan moet hy steeds moed hou en geduldig met sy geloofsgetuïenis aangaan.
- Kyk na vers 5. Kyk na die vers in sy geheel, want al die dinge hang saam met mekaar:

**Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening.** (2 Timoteus 4:5 AFR53)

Eers iets oor die woorde: ... **wees** ... **nugter**.

- Nugterheid hier beteken dat Timoteus altyd die saak waaroor dit gaan, in gedagte moet hou.
- Hy moet dit altyd in gedagte hou dat sy hele lewe – en in Timoteus se geval ook die manier waarop hy predikant is – tot eer van God moet wees.

- Maar dan moet hy ook juis onthou dat die Here self gesê het dat dit nie maklik sal wees nie omdat daar altyd faktore sal wees wat jou hiervan sal wil wegkry.

Daarom nou iets oor die woorde: **ly verdrukking**.

- Die dinge wat tussen jou en die uitvoering van jou opdrag gaan staan, gaan nie noodwendig altyd ligte versperrinkies wees nie.
- Daar gaan oomblikke / tye / geleenthede wees wat hierdie versperrings jou liggaam en jou siel op so 'n manier sal blokkeer dat jy baie pyn gaan beleef.

Die satan gaan jou werklik onderdruk.

- Hy sal tot die uiterste toe gaan om jou te knak sodat jy jou roeping moet laat vaar.
- Daar moet met baie klem geluister word na die woorde **ly verdrukking**.

Al die lyding wat oor ons bewerk word, is om die waarheid te onderdruk.

- Die gevolge daarvan is dat ons heeltemal verdruk word solank as wat ons in een kraal met die waarheid is.
- Die kwessie van verdrukking veronderstel natuurlik dat die duiwel dit sal laat vaar wanneer ons die waarheid laat vaar!

Dis waar ons teksvers inpas. Paulus se lewe het in die teken van baie lyding gestaan.

- Hy is baie keer geslaan en in die tronk gegooi.
- Hy is selfs gestenig en vir dood laat lê.

Veral in die tyd waarin hy die tweede brief vir Timoteus geskryf het, het hy nog baie swaar gehad, want hy was al oud en sieklik, en nog steeds gevange in 'n tronk en het gewag vir die doodsvonnis.

- Hy weet dus waarvan hy praat as hy sê dat hy dwarsdeur sy lewe gestry het.
- Hy weet dat die geloofstryd staan in die teken van lyding!

Wat is die “goeie” stryd? Almal het van tyd tot tyd teëspoed in die lewe.

- Maar dit is geen goeie stryd wat jy stry as jy met 'n geweldige gemor alles in die lewe deurwerk nie.
- Dis ook geen goeie stryd as jy altyd ontevrede is omdat jy dit anders kon gehad het nie.
- Dis ook geen goeie stryd as al jou klagtes wat almal alewig moet aanhoor jou lewensontevredenheid onderstreep nie.

Dink mooi: So 'n lewe is 'n verwyte teen God die Here.

- Dit is miskien baie bedek en selfs in jou eie gemoed so weggesteek dat jy dit self nie glo nie, maar met so 'n gesindheid dien jou lewe en die stryd daarin niks van God se eer nie.

Kyk na die Here Jesus. 'n Groot gedeelte van sy lewe is in die teken van stryd en lyding.

- Hy lewe onder die haat en afguns van sy tydgenote.
- Dis nie 'n haat wat gegrond is op iets wat die Here Jesus verkeerd gedoen het nie.
- Hy word gehaat omdat Hy God is en omdat Hy alles wat Hy doen, reg doen.

*Die haat (stryd) word later so erg dat die hoëlui agterbaks teen Hom begin raak en dan ook sy dood en uitwissing beplan. Ons kan dus self ook sulke dinge teen ons verwag.*

Uiteindelik sterf die Here Jesus – maar doodge woon nie omdat Hy sleg was nie.

- Hy Lê sy lewe af omdat Hy die dood wou gebruik om vir ons krag te kan gee.

Dit klink snaaks, maar dink aan die feite:

- Hy sterf om in die hande van die dood te kan kom.
- Daarmee kom die Here in die posisie waar Hy met die dood kragte kan meet – om die dood te oorwin.

Ons praat maar van die dood, maar die persoon wat rondom die Here se dood en opstanding die geveg verloor het, was die duiwel.

- Toe die satan verslaan was, is die krag uit al sy beplanning en aanslae oor ons mense se lewens gehaal.

Die Here Jesus plaas ons dus in 'n posisie waar ons kan baklei teen die werke van die duiwel.

- 'n Toestand waar ons kan stry en aanhou stry, maar met die inisiatief teen die duiwel (die geveg teen die duiwel) wat ons by die Here Jesus gekry het stry ons om te oorwin.
- Ons is kragtens die kruis soldate wat die geveg moet veg (Efesiërs 6) en 'n soldaat wat nie die inisiatief van die oorwinning het nie, sal altyd 'n verloorder wees.

Die teksvers is bloot 'n feit: Paulus het swaargekry in sy lewe maar hy het positief gebly en aangehou glo, en uiteindelik het hy gesterf as 'n gelowige met 'n baie ryk nalatenskap vir die kerk.

Vir ons is hierdie teks meer as net 'n feit, want dit bevat 'n bepaalde opdrag of aansporing wat ons moet nakom.

- Maar baie meer as dit: Dit teken vir ons God se krag waarin ons staan.
- Ons lewe om te oorwin.
- Ons ontvang die genade om onder die grootste druk en die kwaaieste pyn steeds aan te gaan.

Besef u dat die krag van die Here in ons so groot is dat die duiwel – met sy ergste en wreedste aanvalle – nie ons uithouvermoëns kan oorskry of uitput nie?

Ons moet besef waarom ons elke dag in stryd raak.

- Ons lewe is soos 'n lang en moeisame pad wat jy aflê met voetseer en liggaamspyne en allerhande teëspoed – maar ons hou aan om hierdie pad te loop, want hierdie pad gaan na God toe.
- Stry hierdie stryd totdat ons lewe voor God se troon staan – op die aarde verby omdat ons eendag sal sterf, maar in die hemel tot in ewigheid.

Daar is 'n alternatief. Dis wat die duiwel so graag wil bereik.

- Dis om tou op te gooi en daarmee ons roeping prys te gee.
- Dis om op te hou om op die pad van ons roeping vorentoe te beweeg.
- As ons daarin verval, het ons alles prysgegee en alles verloor.

Ons loop nie só 'n pad nie.

- Ons verkondig die Woord dat ons deur die Here Jesus verlos en van alle sondes vrygespreek is.
- Ons stry die goeie stryd.
- Ons voleindig die wedloop.

- Ons behou die geloof.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm

Skrifberyming 2-4:P3 (33:3)

-3-

Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / Sonde is ongeregtigheid!  
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 28 Julie 2013